



**RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE**

**STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE**

**REKENINGKUNDIGE PRAKTYK**

**AANBIEDING VAN BEGROTINGSINLIGTING**

**IN FINANSIËLE STATE**

**(AERP 24)**

### Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) kom primêr uit die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Presentation of Budget Information in Financial Statements* wat deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Presentation of Budget Information in Financial Statements* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14<sup>th</sup> Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gevestig en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

### Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwood Ridge

0040

### Kopiereg ©2007 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

## Inhoud

### Standaard Van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

#### Aanbieding Van Begrotingsinligting In Finansiële State

|                                                                                                                                                                                | Paragraawe |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| Inleiding                                                                                                                                                                      |            |
| Doelstelling                                                                                                                                                                   | .01        |
| Omvang                                                                                                                                                                         | .02 - 05   |
| Woordomsrywings                                                                                                                                                                | .06 - .11  |
| Goedgekeurde en finale begrotings                                                                                                                                              | .07 - .10  |
| Werklike bedrae                                                                                                                                                                | .11        |
| Aanbieding van 'n vergelyking van begrote en werklike bedrae                                                                                                                   | .12 - .37  |
| Aanbieding en openbaarmaking                                                                                                                                                   | .19 - .22  |
| Vlak van samevoeging                                                                                                                                                           |            |
| .23 - .26                                                                                                                                                                      |            |
| Veranderinge van goedgekeurde tot finale begroting                                                                                                                             | .27 -      |
| .29                                                                                                                                                                            |            |
| Vergelykbare grondslag                                                                                                                                                         | .30 - .35  |
| Multijaarbegrotings                                                                                                                                                            | .36 - .37  |
| Openbaarmaking in aantekeninge van begrotingsgrondslag, tydperk en omvang                                                                                                      | .38 -      |
| .45                                                                                                                                                                            |            |
| Rekonsiliasie van werklike bedrae op 'n vergelykbare grondslag en werklike bedrae in die finansiële state                                                                      | .46 - .52  |
| Datum van inwerkingtrede                                                                                                                                                       | .53 - .54  |
| Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP                                                                                                                            | .53        |
| Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas                                                                                                                                 | .54        |
| Grondslag vir gevolgtrekkings                                                                                                                                                  |            |
| Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Presentation of Budget Information in Financial Statements</i> (IPSAS 24) uitgegee in Desember 2006 |            |

## AANBIEDING VAN BEGROTINGSINLIGTING IN FINANSIËLE STATE

Hierdie Standaard is oorspronklik in November 2007 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit deur die volgende gewysig:

- Verbeteringe aan die Standaarde van AERP wat in November 2013 deur die Raad uitgegee is.

'n Bygewerkte Engelse eksemplaar met die wysigings daaraan wat as deel van die Verbeteringsprojek (2013) aan die AERP 24 aangebring is, is op die webwerf beskikbaar.

### Inleiding

#### Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringsskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik in die Standaarde van AERP “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigiemand van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) uitgegee deur die International Accounting Standards Board goedgekeur om AERP te wees vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde word in daardie Standaarde duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP oor die *Aanbieding van Begrotingsinligting in Finansiële State* word in paragraaf .01 tot .54 uiteengesit. Alle paragraawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstelling daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaard wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

## Doelstelling

- .01 Hierdie Standaard vereis dat 'n vergelyking van begrote bedrae en die werklike bedrae wat ontstaan uit die uitvoering van die begroting ingesluit word in die finansiële state van entiteite waarvan daar vereis word om, of wat kies om, hul goedgekeurde begroting(s) openbaar beskikbaar te stel en waarvoor hulle dus openbaar aanspreeklik gehou word. Die Standaard vereis ook die openbaarmaking van 'n verduideliking van die redes vir wesenlike verskille tussen die begroting en die werklike bedrae. Voldoening aan die vereistes van hierdie Standaard sal waarborg dat entiteite hul aanspreeklikheidsverpligtinge nakom en die deursigtigheid van hul finansiële state verhoog deur voldoening aan die goedgekeurde begroting(s) te demonstreer waarvoor hul openbaar aanspreeklik gehou word, en indien die begroting(s) en die finansiële state op dieselfde grondslag opgestel word, hul finansiële prestasie in die bereiking van begrote resultate.

## Omvang

- .02 *'n Entiteit wat finansiële state opstel en aanbied ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde moet hierdie Standaard toepas.*
- .03 *Hierdie Standaard is van toepassing op entiteite waarvan daar vereis word om, of wat kies om, hul goedgekeurde begroting(s) openbaar beskikbaar te stel.*
- .04 Vir die doeleindes van hierdie Standaard word begrotings openbaar beskikbaar gestel wanneer hulle goedgekeur en aan die breë publiek beskikbaar gestel is deur tertafellegging in die Parlement, wetgewers of munisipale rade. Hierdie Standaard vereis nie dat goedgekeurde begrotings openbaar beskikbaar gestel word nie, en vereis ook nie dat die finansiële state inligting openbaar omtrent, of vergelykings tref met, goedgekeurde begrotings wat nie openbaar beskikbaar gestel word nie.
- .05 In sommige gevalle sal goedgekeurde begrotings opgestel word om alle aktiwiteite in te sluit wat deur 'n entiteit beheer word. In ander gevalle mag dit nodig wees om afsonderlik goedgekeurde begrotings openbaar beskikbaar te stel vir sekere aktiwiteite, groepe aktiwiteite of entiteite wat ingesluit is in die finansiële state van 'n entiteit. Dit kan byvoorbeeld plaasvind indien 'n entiteit se finansiële state entiteite of programme insluit wat bedryfsoutonomie het en hul eie begrotings opstel, of indien 'n begroting opgestel word slegs vir die algemene owerheidsektor van die geheelregering. Hierdie Standaard is van toepassing op alle entiteite wat finansiële state aanbied wanneer goedgekeurde begrotings vir die entiteit, of komponente daarvan, openbaar beskikbaar gestel word.

## Woordomskrywings

- .06 *Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:*
- Rekeningkundige grondslag beteken die toevallings- of kontantgrondslag van rekeningkunde.*
- Jaarlikse begroting beteken 'n goedgekeurde begroting vir een jaar. Dit sluit nie gepubliseerde vooruitramings of projeksies vir tydperke ná die begrotingstydperk in nie.*
- Bewilliging is 'n magtiging verleen deur die Parlement, die wetgewers, munisipale rade of ander toepaslike owerheid wat die begroting goedkeur om fondse toe te wys vir doeleindes wat deur die toepaslike owerheid gespesifiseer word.*

**Goedgekeurde begroting** beteken die uitgewemagtiging afkomstig van wette, begrotingswetsontwerpe, regulasies en ander besluite wat met die verwagte inkomste of ontvangste vir die begrotingstydperk verband hou.

**Begrotingsgrondslag** beteken die toevallings-, kontant- of ander grondslag van rekeningkunde wat aanvaar is in die begroting wat deur die wetgewende liggaam goedgekeur is.

**Kontantgrondslag** beteken 'n grondslag van rekeningkunde wat transaksies en ander gebeure erken slegs wanneer kontant ontvang of betaal word.

**Vergelykbare grondslag** beteken die werklike bedrae wat op dieselfde rekeningkundige grondslag, dieselfde klassifikasiegrondslag, vir dieselfde entiteite en vir dieselfde tydperk aangebied word.

**Finale begroting** is die goedgekeurde begroting, aangesuiwer vir oordragte, toedelings, aanvullende toewysings en ander veranderinge wat op die begrotingstydperk van toepassing is.

**Multijaarbegroting** is 'n goedgekeurde begroting vir meer as een jaar. Dit sluit nie gepubliseerde vooruitramings of projeksies vir tydperke ná die begrotingstydperk in nie.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis gebruik as in daardie ander Standaarde.

## Goedgekeurde en finale begrotings

- .07 'n Goedgekeurde begroting, soos deur hierdie Standaard omskryf, weerspieël die verwagte inkomste of ontvangste wat na verwagting afkomstig sal wees uit die jaarlikse of multijaarbegrotingstydperk, gebaseer op die huidige beplanning en die verwagte ekonomiese toestande gedurende daardie begrotingstydperk, en die onkoste of uitgawes wat deur die wetgewende liggaam goedgekeur is, dit wil sê die Parlement, wetgewers, munisipale rade of ander toepaslike owerheid. 'n Goedgekeurde begroting is nie 'n vooruitraming of projeksie baseer op veronderstellings oor toekomstige gebeure en moontlike bestuursaksies wat nie noodwendig verwag word om plaas te vind nie. Net so verskil 'n goedgekeurde begroting van vooruitskouende finansiële inligting, wat in die vorm kan wees van 'n raming, 'n projeksie of 'n kombinasie van albei – byvoorbeeld, 'n eenjaarraming plus 'n vyfjaarprojeksie.
- .08 In sommige gevalle kan begrotings as deel van die goedkeuringsproses as wetgewing aanvaar word. In ander gevalle kan goedkeuring verleen word sonder dat die begroting wet word. Wat ook al die goedkeuringsproses, die kritieke eienskap van goedgekeurde begrotings is dat die magtiging om fondse van die staatstesourie of soortgelyke liggaam vir ooreengekome en geïdentifiseerde doeleindes te onttrek verleen word deur die Parlement, die wetgewers, munisipale rade of ander toepaslike owerheid wat daarvoor verantwoordelik is om die begroting goed te keur. Die goedgekeurde begroting stel die uitgewemagtiging vir die gespesifiseerde items daar. Die uitgewemagtiging word oor die algemeen beskou as die wettige limiet waarbinne 'n entiteit moet funksioneer. 'n Entiteit kan aanspreeklik gehou word vir die hersiene begroting, wat gedurende die jaar deur die Parlement, die wetgewers, munisipale rade of ander toepaslike owerheid goedgekeur kon gewees het, of vir die finale begroting.

## AERP 24

- .09 Die Parlement die wetgewers, munisipale rade of ander toepaslike owerheid bewillig deur die begrotingsproses fondse aan entiteite, welke fondse in oorstemming met sekere prioriteite bestee moet word. Die begroting vir 'n finansiële jaar word gewoonlik voor die aanvang van daardie finansiële jaar goedgekeur of, in uitsonderlike omstandighede, op 'n datum so gou moontlik na die aanvang van daardie finansiële jaar. Ná die goedkeuring van hierdie aanvanklike begroting mag dit nodig word om die aanvanklike ramings van inkomste en uitgawes te hersien as gevolg van verhoogde invordering van inkomste, onvoorsiene en onvermydelike uitgawes wat aangegaan word, die hertoewysing van fondse tussen aktiwiteite en tipes uitgawes, die gebruik van besparings wat bewerkstellig is, of die oordrag van onbestede fondse van vorige jare. Wetgewing vereis gewoonlik dat hierdie hersiene begrotings (wat dikwels aansuiweringsbegrotings of aansuiweringsramings genoem word) weer goedgekeur word deur die Parlement, die wetgewers, munisipale rade of ander toepaslike owerheid wat vir die goedkeuring van die begroting verantwoordelik is. Die mees onlangse begroting wat deur die Parlement, die wetgewers, munisipale rade of ander toepaslike owerheid goedgekeur is, is die goedgekeurde begroting vir die doeleindes van hierdie Standaard.
- .10 Entiteite kan deur wetgewing toegelaat word om sekere veranderinge aan die begroting te maak nadat dit voorheen goedgekeur is deur die Parlement, die wetgewers, munisipale rade of ander toepaslike owerheid. Sommige entiteite kan byvoorbeeld toegelaat word om hertoewysing van fondse tussen programme te doen, behoudens beperkings in wetgewing. Hierdie veranderinge aan die goedgekeurde begroting kan, in sommige gevalle, nie formeel deur die Parlement, die wetgewers, munisipale rade of ander toepaslike owerheid goedgekeur word nie. Die finale begroting, vir die doeleindes van hierdie Standaard, is die mees onlangs goedgekeurde begroting, aangesuiwer vir veranderinge wat deur die entiteit aan die begroting gemaak is en deur die toepaslike owerheid goedgekeur is. Waar daar van entiteite vereis word om die begroting(s) weer vir enige latere aansuiwerings te laat goedkeur, word die mees onlangs goedgekeurde begroting die finale begroting vir die doeleindes van hierdie Standaard.

## Werklike bedrae

- .11 Hierdie Standaard van AERP gebruik die term “werklike bedrag” om die bedrae te beskryf wat afkomstig is van die uitvoering van die begroting. “Begrotingsuitkoms”, “begrotingsuitvoering” of soortgelyke terme kan gebruik word met dieselfde betekenis as “werklike” of “werklike bedrag”.

## Aanbieding van 'n vergelyking van begrote en werklike bedrae

- .12 *Behoudens die vereistes van paragraaf .19, moet 'n entiteit 'n vergelyking aanbied van die begrote bedrae waarvoor hy openbaar aanspreeklik gehou word en werklike bedrae hetsy as 'n afsonderlike addisionele finansiële staat of as addisionele begrotingskolomme in die finansiële state wat tans in ooreenstemming met die Standaarde van AERP aangebied word. Die vergelyking van begrote en werklike bedrae moet afsonderlik aangebied word vir elke vlak van wetgewende toesig:*
- (a) die goedgekeurde en finale begrote bedrae;*
  - (b) die werklike bedrae op 'n vergelykbare grondslag; en*
  - (c) by wyse van openbaarmaking as aantekeninge, 'n verduideliking van die wesentliche verskille tussen die begroting waarvoor die entiteit openbaar aanspreeklik gehou word en die werklike bedrae, tensy sodanige verduideliking ingesluit is in ander openbare*

***dokumente wat saam met die finansiële state uitgegee is, en 'n kruisverwysing na daardie dokumente in die aantekeninge gemaak word.***

- .13 Aanbieding van die goedgekeurde en finale begrote bedrae en werklike bedrae in die finansiële state op 'n vergelykbare grondslag met die begroting wat openbaar beskikbaar gemaak word, sal die aanspreeklikheidsiklus voltooi deur gebruikers van die finansiële state in staat te stel om te bepaal of hulpbronne in ooreenstemming met die goedgekeurde begroting verkry en gebruik is. Verskille tussen die werklike bedrae en die begrote bedrae, hetsy goedgekeurde of finale begroting (dikwels in rekeningkunde die "afwyking" genoem), kan ook volledigheidshalwe in die finansiële state aangebied word. .
- .14 'n Verduideliking van die wesenlike verskille tussen werklike bedrae en die begrote bedrae sal gebruikers se begrip bevorder van die redes vir wesenlike afwykings van die goedgekeurde begroting waarvoor die entiteit openbaar aanspreeklik gehou word.
- .15 Daar kan van 'n entiteit vereis word of hy kan kies om sy goedgekeurde begroting, finale begroting of beide sy goedgekeurde en finale begroting openbaar beskikbaar te stel. In omstandighede waar daar vereis word dat beide goedgekeurde en finale begrotings openbaar beskikbaar gestel word, sal die wetgewing, regulering of ander toepaslike gesag dikwels leiding bied wat betref of 'n verduideliking van wesenlike verskille tussen die werklike en die goedgekeurde begrote bedrae of die werklike en die finale begrote bedrae in ooreenstemming met paragraaf .12(c) hierbo vereis word. In die afwesigheid van enige sodanige leiding kan wesenlike verskille bepaal word deur verwysing na, byvoorbeeld, verskille tussen werklike en goedgekeurde begroting om te fokus op prestasie teenoor die goedgekeurde begroting, of verskille tussen goedgekeurde en finale begroting om te fokus op voldoening aan die finale begroting.
- .16 In baie gevalle sal die finale begroting en die werklike bedrag dieselfde wees. Dit is omdat begrotingsuitvoering gedurende die verslagdoeningstydperk gemoniteer word en die goedgekeurde begroting progressief hersien word om veranderende toestande, veranderende omstandighede en ervarings gedurende die verslagdoeningstydperk te weerspieël. Paragraaf .27 van hierdie Standaard vereis die openbaarmaking van 'n verduideliking van die redes vir veranderinge tussen die goedgekeurde en finale begroting. Daardie openbaarmakings, tesame met die openbaarmakings wat deur paragraaf .12 hierbo vereis word, sal verseker dat entiteite wat hul goedgekeurde begroting(s) openbaar beskikbaar stel, openbaar aanspreeklik gehou word vir hul prestasie teenoor, en voldoening aan, die toepaslike goedgekeurde begroting.
- .17 Bestuursbespreking en ontleding, bedryfsoorsig en ander openbare verslae wat kommentaar lewer oor die prestasie van die entiteite gedurende die verslagdoeningstydperk, met inbegrip van verduideliking van enige wesenlike verskille van begrote bedrae, word dikwels uitgegee tesame met die finansiële state. In ooreenstemming met paragraaf .12(c) van hierdie Standaard word verduidelikings van wesenlike verskille tussen werklike en begrote bedrae in aantekeninge by die finansiële state ingesluit, tensy dit ingesluit is in ander openbare verslae of dokumente wat tesame met die finansiële state uitgegee is, en die aantekeninge by die finansiële state identifiseer die verslae of dokumente waarin die verduideliking gevind kan word.
- .18 Waar goedgekeurde begrotings slegs openbaar beskikbaar gemaak word vir sommige van die entiteite of aktiwiteite wat ingesluit is in die finansiële state, sal die vereistes van paragraaf .12 slegs

van toepassing wees op die entiteite of aktiwiteite wat in die goedgekeurde begroting weerspieël word. Dit beteken dat waar 'n begroting byvoorbeeld slegs opgestel word vir die algemene owerheidsektor van 'n geheelregering-verslagdoeningsentiteit, die openbaarmakings wat deur paragraaf .12 vereis word slegs gemaak sal word ten opsigte van die algemene owerheidsektor van die regering.

## **Aanbieding en openbaarmaking**

- .19 'n Entiteit moet 'n vergelyking aanbied van begrote en werklike bedrae as addisionele begrotingskolomme in die primêre finansiële state slegs indien die finansiële state en die begroting op 'n vergelykbare grondslag opgestel is.**
- .20 Vergelykings van begrote en werklike bedrae kan aangebied word in 'n afsonderlike finansiële staat (“staat van vergelyking van begrote en werklike bedrae” of 'n soortgelyk getitelde staat) wat ingesluit is by die volledige stel finansiële state soos gespesifiseer in die Standaard van AERP oor die *Aanbieding van Finansiële State*. Andersins, indien die finansiële state en die begroting opgestel word op 'n vergelykbare grondslag – dit wil sê, op dieselfde grondslag van rekeningkunde vir dieselfde entiteit en verslagdoeningstydperk, en waar dieselfde klassifikasiestruktuur aangeneem word – kan addisionele kolomme bygevoeg word by die bestaande primêre finansiële state wat ooreenkomstig die Standaarde van AERP aangebied word. Hierdie addisionele kolomme sal goedgekeurde en finale begrotingsbedrae identifiseer en, indien die entiteit so verkies, die verskille tussen die begrote en die werklike bedrae.
- .21 Indien die begroting en die finansiële state nie op 'n vergelykbare grondslag opgestel word nie, word 'n afsonderlike Staat van Vergelyking van Begrote en Werklike Bedrae aangebied. In hierdie gevalle, om te verseker dat lesers nie finansiële inligting wat op verskillende grondslae opgestel is verkeerd vertolk nie, kan die finansiële state gewoonlik duidelik maak dat die begrotings- en die rekeningkundige grondslae verskil en die Staat van Vergelyking van Begrote en Werklike Bedrae op die begrotingsgrondslag opgestel is.
- .22 Indien begrotings opgestel is op die toevallingsgrondslag en die volledige stel finansiële state ingesluit is, kan addisionele begrotingskolomme bygevoeg word by al die primêre finansiële state wat deur die Standaarde van AERP vereis word. In sommige gevalle kan begrotings wat opgestel is op die toevallingsgrondslag aangebied word in die vorm van slegs sekere van die primêre finansiële state wat die volledige stel finansiële state uitmaak soos deur die Standaarde van AERP gespesifiseer – die begroting kan byvoorbeeld aangebied word as 'n staat van finansiële prestasie of as 'n kontantvloeistaat, met addisionele inligting wat in ondersteunende skedules voorsien word. In hierdie gevalle kan die addisionele begrotingskolomme ingesluit word in die primêre finansiële state wat ook aangeneem word vir die aanbieding van die begroting. Om die omvang van die vergelyking te bepaal verg professionele oordeel. Hierdie oordeel word toegepas in die konteks van die doel van hierdie Standaard en die kwalitatiewe eienskappe van finansiële verslagdoening soos uiteengesit in paragraaf .25 en in 0020 die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

## **Vlak van samevoeging**

- .23 Begrotingsdokumente kan heelwat besonderhede verskaf oor spesifieke aktiwiteite, programme of entiteite. Hierdie besonderhede word dikwels saamgevoeg in breë klasse onder algemene “begrotingsklassifikasies” of “begrotingsopskrifte” vir voorlegging aan, en goedkeuring deur, die

## AERP 24

Parlement, die wetgewers, munisipale rade of ander toepaslike owerheid wat daarvoor verantwoordelik is om die begroting goed te keur. Die openbaarmaking van die begrotings- en werklike inligting in ooreenstemming met daardie breë klasse en begrotingsklassifikasies of -opskrifte sal verseker dat vergelykings op die toepaslike vlak van toesig getref word, wat bepaal is deur die Parlement, die wetgewers, munisipale rade of ander toepaslike owerheid wat die begroting goedkeur en in die begrotingsdokumente geïdentifiseer word.

.24 Die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige beleide, Verandering in Rekeningkundige Ramings en Foute* vereis dat finansiële state inligting verskaf wat aan 'n hoeveelheid kwalitatiewe eienskappe voldoen, met inbegrip van dat die inligting:

- (a) toepaslik is vir die besluitnemingsbehoefte van gebruikers; en
- (b) betroubaar is daarin dat die finansiële state:
  - (i) die entiteit se finansiële stand, finansiële prestasie en kontantvloei getrou weergee;
  - (ii) die ekonomiese wese weerspieël van transaksies, ander gebeurtenisse en toestande, en nie slegs die wetlike vorm nie;
  - (iii) neutraal is, dit wil sê, vry van vooroordeel;
  - (iv) omsigtig is; en
  - (v) in alle wesenlike opsigte volledig is.

.25 In sommige gevalle kan dit nodig wees om die gedetailleerde finansiële inligting wat ingesluit word by goedgekeurde begrotings vir aanbieding in finansiële state in ooreenstemming met die vereistes van hierdie Standaard saam te voeg. Sodanige samevoeging kan benodig word om inligtingsoorlading te verhoed en om toepaslike vlakke van toesig deur die Parlement, die wetgewers, munisipale rade of ander toepaslike owerheid wat die begroting goedkeur te weerspieël. Om die vlak van samevoeging te bepaal sal professionele oordeel verg. Daardie oordeel sal aangewend word in die konteks van die doel van hierdie Standaard en die kwalitatiewe eienskappe van finansiële verslagdoening soos uiteengesit in paragraaf .24 hierbo en in die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

.26 Addisionele begrotingsinligting, met inbegrip van inligting wat handel oor prestasie, kan in ander dokumente as finansiële state aangebied word. 'n Kruisverwysing van die finansiële state na sodanige dokumente word aangemoedig, veral om begrote en werklike data te verbind aan niefinansiële begrotingsdata en behaalde prestasies.

## Wysigings van goedgekeurde tot finale begroting

.27 'n Entiteit moet 'n verduideliking aanbied om aan te dui of wysigings tussen die goedgekeurde en finale begroting 'n gevolg is van hertoewysings binne die begroting, of van ander faktore:

- (a) deur middel van openbaarmaking in aantekeninge in die finansiële state; of
- (b) in 'n verslag wat uitgereik word voor, gelyktydig met, of in gesamentlik met die finansiële state, en moet 'n kruisverwysing na die verslag in die aantekeninge by die finansiële state insluit.

- .28 Die finale begroting sluit alle veranderinge in wat deur die entiteit gemaak is nadat die begroting deur die Parlement, die wetgewers, munisipale rade of ander toepaslike owerheid goedgekeur is. In ooreenstemming met die vereistes van hierdie Standaard sal 'n entiteit in die aantekeninge by die finansiële state of in 'n afsonderlike verslag wat voor, gesamentlik met of terselfdertyd as die finansiële state uitgegee word 'n verduideliking insluit van veranderinge wat aangebring is tussen die goedgekeurde en finale begroting. Die verduideliking sal insluit of veranderinge byvoorbeeld ontstaan het as gevolg van hertoewysings in die goedgekeurde begrotingsperke of as gevolg van ander faktore, soos veranderinge in die algehele begrotingsparameters. Sodanige openbaarmakings word dikwels behandel in 'n bestuursbespreking en -ontleding of soortgelyke verslae oor bedrywighede wat gesamentlik met die finansiële state uitgegee is, maar nie as deel daarvan nie. Sodanige openbaarmakings kan ook ingesluit word by verslae wat uitgegee word deur entiteite om verslag te doen oor begrotingsuitvoering. Waar openbaarmakings in afsonderlike verslae eerder as in die finansiële state gedoen word, sal die aantekeninge by die finansiële state 'n kruisverwysing na die verslae insluit.
- .29 Wetgewing, regulasies of ander toepaslike magtiging kan vereis dat entiteite addisionele begrotingsvergelykings aanbied of alle wesenlike veranderinge verduidelik wat gedurende die jaar aan die begroting aangebring is. In hierdie gevalle sal die wetgewing, regulasies of ander toepaslike magtiging spesifieke leiding bied wat die vorm en inhoud van sodanige addisionele vergelykings betref.

## **Vergelykbare grondslag**

- .30 ***Alle vergelykings van begrote en werklike bedrae moet aangebied word op 'n grondslag wat vergelykbaar met die begroting is.***
- .31 Die vergelyking van begrote en werklike bedrae sal aangebied word op dieselfde rekeningkundige grondslag (toevallings-, kontant- of ander grondslag), dieselfde klassifikasiegrondslag en vir dieselfde entiteite en tydperk as vir die goedgekeurde begroting. Dit sal verseker dat die openbaarmaking van inligting omtrent voldoening aan die begroting in die finansiële state op dieselfde grondslag is as die begroting self. In sommige gevalle kan dit beteken dat 'n vergelyking tussen begrote en werklike bedrae op 'n verskillende grondslag van rekeningkunde, vir 'n verskillende groep aktiwiteite, en met 'n verskillende aanbieding of klassifikasiestruktuur aangebied sal word as wat dié wat vir die finansiële state aanvaar is.
- .32 Finansiële state konsolideer entiteite en aktiwiteite wat deur die entiteit beheer word. Soos in paragraaf .05 gemeld, kan afsonderlike begrotings goedgekeur en openbaar beskikbaar gemaak word vir individuele entiteite of bepaalde aktiwiteite waaruit die gekonsolideerde finansiële state bestaan. Waar dit plaasvind, kan die afsonderlike begrotings hersaamgestel word vir aanbieding in die finansiële state in ooreenstemming met die vereistes van hierdie Standaard. Waar sodanige hersamestelling plaasvind, sal dit nie veranderinge of hersiening van goedgekeurde begrotings behels nie. Dit is omdat die Standaard 'n vergelyking van werklike bedrae met die goedgekeurde of finale begrotingsbedrae vereis.
- .33 Entiteite kan verskillende grondslae van rekeningkunde aanneem vir die opstel van hul finansiële state en hul goedgekeurde begrotings. 'n Entiteit kan byvoorbeeld die toevallingsgrondslag aanneem vir sy finansiële state en die kontantgrondslag vir sy begrotings. Boonop kan begrotings ook fokus op inligting oor verbintenisse om fondse te bestee in die toekoms en veranderinge aan daardie

verbintnisse, of hierdie inligting insluit, terwyl die finansiële state verslag sal doen oor bates, laste, netto bates, inkomste, uitgawes, ander veranderinge in netto bates en kontantvloei. Die begrotingsentiteit en finansiële verslagdoenende entiteit sal egter dikwels dieselfde wees. Op soortgelyke wyse sal die tydperk waarvoor die begroting opgestel word en die klassifikasiegrondslag wat vir die begroting aanvaar word dikwels in die finansiële state weerspieël word. Dit sal verseker dat die rekeningkundige stelsel finansiële inligting vaslê en rapporteer op 'n wyse wat die vergelyking van begrote en werklike data fasiliteer vir die doeleindes van bestuur en aanspreeklikheid – byvoorbeeld om vordering van die uitvoering van die begroting gedurende die begrotingstydperk te monitor en vir verslagdoening aan die regering, die publiek en ander gebruikers om op 'n toepaslike en tydige wyse.

- .34 Begrotings kan opgestel word op 'n kontant- of toevallingsgrondslag wat in ooreenstemming is met 'n statistiese stelsel van verslagdoening wat entiteite en aktiwiteite insluit wat verskil van dié wat in die finansiële state ingesluit is. Begrotings wat byvoorbeeld opgestel is om aan 'n statistiese stelsel van verslagdoening te voldoen, kan op die algemene owerheidsektor fokus en slegs entiteite insluit wat die “primêre” of “niemark”-funksies van die regering as hul hoofaktiwiteit vervul, terwyl finansiële state verslag doen oor alle aktiwiteite wat deur die regering beheer word, met inbegrip van die sakeaktiwiteite van die regering. Die International Public Sector Accounting Standard oor die *Disclosure of Financial Information about the General Government Sector* spesifiseer vereistes vir openbaarmaking in aantekeninge van finansiële inligting oor die algemene regeringsektor van 'n geheelregeringsentiteit wat die toevallingsgrondslag van rekeningkunde aanvaar en kies om sodanige openbaarmakings te maak. In baie gevalle sal openbaarmakings wat in ooreenstemming met die International Public Sector Accounting Standard oor die *Disclosure of Financial Information about the General Government Sector* gemaak is dieselfde entiteite, aktiwiteite en klassifikasiegrondslag insluit as wat in begrotings aanvaar is wat in ooreenstemming met die algemene owerheidsektor opgestel is, soos in statistiese modelle van verslagdoening omskryf word. In hierdie gevalle sal openbaarmakings wat gemaak is in ooreenstemming met die International Public Sector Accounting Standard oor die *Disclosure of Financial Information about the General Government Sector* ook die openbaarmakings fasiliteer wat deur hierdie Standaard vereis word.
- .35 In statistiese modelle van verslagdoening kan die algemene owerheidsektor bestaan uit die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlak. Die nasionale regering kan provinsiale en plaaslike regerings beheer, daardie regerings konsolideer in sy finansiële state en 'n goedgekeurde begroting ontwikkel wat al drie vlakke van regering insluit, en vereis dat dit openbaar beskikbaar gestel word. In hierdie gevalle sal die vereistes van hierdie Standaard van toepassing wees op die finansiële state van daardie nasionale regeringsentiteite. Waar 'n nasionale regering nie provinsiale of plaaslike regerings beheer nie, sal sy finansiële state nie provinsiale of plaaslike regerings konsolideer nie. Afsonderlike finansiële state sal dan eerder vir elke vlak van regering opgestel word. Die vereistes van hierdie Standaard sal slegs van toepassing wees op die finansiële state van entiteite wanneer goedgekeurde begrotings vir die entiteite en aktiwiteite wat hulle beheer, of onderafdelings daarvan, openbaar beskikbaar gestel word.

## **Multijaarbegrotings**

- .36 Sommige entiteite keur multijaarbegrotings goed, eerder as afsonderlike jaarlikse begrotings. Normaalweg bestaan multijaarbegrotings uit 'n reeks jaarlikse begrotings of jaarlikse begrotingsteikens. Die goedgekeurde begroting vir elke samestellende jaarlikse tydperk weerspieël die toepassing van die begrotingsbeleide wat verband hou met die multijaarbegroting vir daardie

samestellende tydperk. In sommige gevalle maak die multijaarbegroting voorsiening vir 'n heruitreiking van ongebruikte bewilligings in enige enkele jaar.

- .37 Entiteite met multijaarbegrotings kan verskillende benaderings gebruik om hul oorspronklike en finale begrotings te bepaal, na gelang van hoe hul begroting goedgekeur word. Waar multitydperk-begrotings goedgekeur word, word entiteite aangemoedig om addisionele openbaarmakings in aantekeninge te voorsien omtrent die verhouding tussen begrote en werklike bedrae gedurende die begrotingstydperk.

## **Openbaarmaking in aantekeninge van begrotingsgrondslag, tydperk en omvang**

- .38 ***'n Entiteit moet in aantekeninge by die finansiële state die begrotingsgrondslag en klassifikasiegrondslag verduidelik wat in die goedgekeurde begroting aanvaar is.***
- .39 Daar kan verskille wees tussen die rekeningkundige grondslag (kontant- of toevallingsgrondslag of die een of ander modifikasie daarvan) wat gebruik word in die opstel en aanbieding van 'n begroting en die rekeningkundige grondslag wat in finansiële state gebruik word. Hierdie verskille kan voorkom wanneer die rekeningkundige stelsel en die begrotingstelsel inligting uit verskillende perspektiewe saamstel – die begroting kan fokus op kontantvloei, of kontantvloei plus sekere verpligtinge, terwyl die finansiële state oor kontantvloei en toevallingsinligting verslag doen.
- .40 Formate en klassifikasieskemas wat aanvaar is vir aanbieding van die goedgekeurde begroting kan ook verskil van formate wat vir die finansiële state aanvaar is. 'n Goedgekeurde begroting kan artikels klassifiseer op dieselfde grondslag as wat in die finansiële state aanvaar is, byvoorbeeld volgens ekonomiese aard (vergoeding van werknemers, gebruik van goedere of dienste, ens.), of funksie (gesondheid, opvoeding, ens.). Andersins kan die begroting artikels klassifiseer volgens spesifieke programme (byvoorbeeld, die vermindering van armoede of beheer van aansteeklike siektes) of komponente van programme wat verbind is aan prestasie-uitkomsdoelwitte (byvoorbeeld studente wat van tersiêre opvoedingsprogramme gradueer of chirurgiese operasies wat deur hospitaalsooddienste uitgevoer word), wat verskil van klassifikasies wat in die finansiële state aanvaar is. Verder kan 'n herhalende begroting vir voortdurende bedrywighede (byvoorbeeld onderwys of gesondheid) afsonderlik van 'n kapitaalbegroting vir kapitaalbesteding (byvoorbeeld, infrastruktuur of geboue) goedgekeur word.
- .41 Die Standaard van AERP oor die *Aanbieding van Finansiële State* vereis dat entiteite in aantekeninge by die finansiële state inligting aanbied oor die grondslag van opstelling van die finansiële state en die beduidende rekeningkundige beleide wat aanvaar is. Openbaarmaking van die begrotingsgrondslag en klassifikasiegrondslag wat aanvaar is vir die opstel en aanbieding van goedgekeurde begrotings sal gebruikers se begrip bevorder van die verhouding tussen die begroting en rekeningkundige inligting wat in die finansiële state openbaar gemaak word.
- .42 ***'n Entiteit moet in aantekeninge by die finansiële state die tydperk van die goedgekeurde begroting openbaar maak.***
- .43 Finansiële state word ten minste jaarliks aangebied. Entiteite kan begrotings vir 'n jaartydperk of vir multijaartydperke goedkeur. Openbaarmaking van die tydperk wat deur die goedgekeurde begroting

gedek word, waar daardie tydperk verskil van die verslagdoenende tydperk wat vir die finansiële state aanvaar is, sal gebruikers van daardie finansiële state help om die verhouding van die begrotingsdata en begrotingsvergelyking met die finansiële state beter te verstaan. Openbaarmaking van die tydperk wat deur die goedgekeurde begroting gedek word, waar daardie tydperk dieselfde is as die tydperk wat deur die finansiële state gedek word, sal ook 'n nuttige bevestigende rol speel, veral waar tussentydse begrotings en finansiële state en verslae ook opgestel word.

- .44 'n Entiteit moet in aantekeninge by die finansiële state die entiteite identifiseer wat in die goedgekeurde begroting ingesluit is.**
- .45 Die Standaarde van AERP vereis dat entiteite finansiële state opstel en aanbied wat alle hulpbronne konsolideer wat deur die entiteit beheer word. Finansiële state wat opgestel is in ooreenstemming met die Standaarde van AERP sal begrotingsafhanklike entiteite en SSO's insluit wat deur die entiteit beheer word. Goedgekeurde begrotings wat opgestel is in ooreenstemming met statistiese modelle van verslagdoening kan moontlik egter nie bedrywighede insluit van die regering wat op 'n kommersiële of markgrondslag onderneem word nie, soos in paragraaf .34 genoem word. In ooreenstemming met die vereistes van paragraaf .30 sal begrote en werklike bedrae op 'n vergelykbare grondslag aangebied word. Openbaarmaking van die entiteite wat in die begroting ingesluit word, sal gebruikers in staat stel om die mate te identifiseer waarin die entiteit se aktiwiteite aan 'n goedgekeurde begroting onderhewig is en hoe die begrotingsentiteit verskil van die entiteit wat in die finansiële state weerspieël word.

## **Rekonsiliasie van werklike bedrae op 'n vergelykbare grondslag en werklike bedrae in die finansiële state**

- .46 Die werklike bedrae wat op 'n vergelykbare grondslag met die begroting aangebied word in ooreenstemming met paragraaf .30 sal, waar die finansiële state en die begroting nie op 'n vergelykbare grondslag opgestel is nie, gerekonsilieer word met die volgende werklike bedrae wat in die finansiële state aangebied word, wat enige grondslag-, tydsberekening- en entiteitverskille afsonderlik identifiseer:**
- (a) indien die toevallingsgrondslag vir die begroting aanvaar word, totale inkomste, totale uitgawes en netto kontantvloei van bedryfsaktiwiteite, beleggingsaktiwiteite en finansieringaktiwiteite; of**
  - (b) indien 'n ander grondslag as die toevallingsgrondslag vir die begroting aanvaar is, netto kontantvloei van bedryfsaktiwiteite, beleggingsaktiwiteite en finansieringaktiwiteite.**

**Die rekonsiliasie moet as lynitems in die staat van vergelyking van begrote en werklike bedrae, of in die aantekeninge by die finansiële state openbaar gemaak word.**

- .47 Verskille tussen die werklike bedrae wat geïdentifiseer word ooreenkomstig die vergelykbare grondslag en die werklike bedrae wat in die finansiële state erken word, kan nuttig in die volgende geklassifiseer word:
- (a) grondslagverskille, wat voorkom wanneer die goedgekeurde begroting op 'n ander grondslag as die rekeningkundige grondslag opgestel is, byvoorbeeld waar die begroting op die kontantgrondslag en die finansiële state op die toevallingsgrondslag opgestel is;

- (b) verskille in tydsberekening, wat voorkom wanneer die begrotingstydperk verskil van die verslagdoeningstydperk wat in die finansiële state weerspieël word;
- (c) entiteitsverskille, wat voorkom wanneer die begroting programme of entiteite uitlaat wat deel is van die entiteit waarvoor die finansiële state opgestel word.

Daar kan ook verskille wees in die formate en klassifikasieskemas wat vir die aanbieding van finansiële state en die begroting aanvaar word.

- .48 Die rekonsiliasie wat deur paragraaf .46 van hierdie Standaard vereis word, sal die entiteit in staat stel om sy aanspreeklikheidsverpligtinge beter na te kom deur hoofbronne van die verskille tussen die werklike bedrae op 'n begrotingsgrondslag en die bedrae wat in die finansiële state erken word te identifiseer. Hierdie Standaard sluit nie rekonsiliasie uit van elke hooftotaal en subtotaal, of elke klas artikels, wat in 'n vergelyking van die begrote en werklike bedrae met die ekwivalente bedrae in die finansiële state aangebied word nie.
- .49 Vir sommige entiteite wat dieselfde grondslag van rekeningkunde vir opstel van beide die begrotingsdokumente en die finansiële state aanvaar, sal slegs die identifikasie van verskille tussen werklike bedrae in die begroting en die ekwivalente bedrae in die finansiële state vereis word. Dit sal plaasvind waar die begroting vir dieselfde tydperk opgestel word, dieselfde entiteite insluit en dieselfde aanbiedingsformaat as die finansiële state aanvaar. In hierdie gevalle word 'n rekonsiliasie nie vereis nie. Vir ander entiteite wat dieselfde grondslag van rekeningkunde vir die begroting en die finansiële state aanneem, kan daar 'n verskil wees in aanbiedingsformaat, verslagdoenende entiteit of verslagdoeningstydperk – die goedgekeurde begroting kan byvoorbeeld 'n verskillende klassifikasie- of aanbiedingsformaat aanneem as die finansiële state, kan slegs niekommersiële aktiwiteite van die entiteit insluit, of kan 'n multijaarbegroting wees. 'n Rekonsiliasie sal nodig wees waar daar aanbiedings-, tydsberekenings- of entiteitsverskille is tussen die begroting en die finansiële state wat op dieselfde rekeningkundige grondslag opgestel is.
- .50 Vir die entiteite wat die kontantgrondslag van rekeningkunde (of 'n aangepaste kontant- of aangepaste toevallingsgrondslag) vir die aanbieding van die goedgekeurde begroting en die toevallingsgrondslag vir hul finansiële state gebruik, sal die belangrikste totale wat in die staat van vergelyking van begrote met werklike bedrae aangebied word gerekonsilieer word met die netto kontantvloei van bedryfsaktiwiteite, netto kontantvloei van beleggingsaktiwiteite en netto kontantvloei van finansieringaktiwiteite, soos aangebied word in die kontantvloei staat wat in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor *Kontantvloei state* opgestel word.
- .51 ***Die openbaarmaking van vergelykende inligting ten opsigte van die vorige tydperk ooreenkomstig die vereistes van hierdie Standaard word nie vereis nie.***
- .52 Hierdie Standaard vereis dat 'n vergelyking van die begrote en werklike bedrae ingesluit word in die finansiële state van entiteite wat hul goedgekeurde begroting(s) openbaar beskikbaar stel. Dit vereis nie die openbaarmaking van 'n vergelyking van werklike bedrae van die vorige tydperk met die begroting van die vorige tydperk nie, en vereis ook nie dat die verbandhoudende verduidelikings van verskille tussen die werklike en begrote bedrae van daardie vorige tydperk in die finansiële state van die huidige tydperk openbaar gemaak word nie.

## **Datum van inwerkingtrede**

### **Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP**

- .53** *Hierdie Standaard van AERP tree in werking vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, publiseer sal word.*

### **Entiteite wat reeds die Standaarde van AERP toepas**

- .54** *'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2013 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysigings toepas vir 'n tydperk wat voor 1 April 2013 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

## Grondslag vir gevolgtrekkings

*Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings verstrek die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) se redes vir die aanvaarding of verwerping van sekere oplossings wat verband hou met die aanbieding van begrotingsinligting in finansiële state. Die grondslag vir gevolgtrekkings vergesel die Standaard van AERP oor die Aanbieding van Begrotingsinligting in Finansiële State (AERP 24), maar maak nie deel daarvan uit nie.*

- GG1. Die Standaard van AERP oor die *Aanbieding van Finansiële State* verduidelik dat die doel van finansiële state die openbaarmaking van inligting insluit om die entiteit se verpligting na te kom om aanspreeklik te wees vir sake soos sy finansiële stand, prestasie en kontantvloeï en om inligting te voorsien wat nuttig is om sy prestasie te evalueer wat betref sy dienskoste, doeltreffendheid en prestasies. Dit noem ook dat finansiële verslagdoening gebruikers kan voorsien van inligting omtrent 'n entiteit se voldoening aan byvoorbeeld die wetlik aanvaarde begroting.
- GG2. Voordat hierdie Standaard uitgegee is, het die Standaard van AERP oor die *Aanbieding van Finansiële State* vereis dat finansiële state 'n vergelyking insluit van begrote en werklike bedrae waar die finansiële state en die begroting op dieselfde grondslag opgestel word. Dit het ook leiding gebied in gevalle waar entiteite die begroting op 'n ander grondslag as die finansiële state opgestel en aangebied het.
- GG3. International Public Sector Accounting Standard 24 oor die *Presentation of Budget Information in Financial Statements* (IPSAS 24) vereis dat 'n vergelyking van begrote bedrae en die werklike bedrae wat ontstaan uit die uitvoering van die begroting ingesluit word by die finansiële state van entiteite waarvan daar vereis word, of wat kies om, hul goedgekeurde begroting(s) openbaar beskikbaar te maak en waarvoor hulle dus openbaar aanspreeklik gehou word.
- GG4. Verder vereis IPSAS 24 ook dat 'n vergelyking getref word tussen die oorspronklike en finale begroting, tesame met redes hoekom die veranderinge aan die oorspronklike begroting aangebring is. AERP 24 wyk af van IPSAS 24 in dié opsig dat AERP 24 'n vergelyking vereis tussen die goedgekeurde begroting en die finale begroting eerder as die oorspronklike en finale begroting.
- GG5. In die Suid-Afrikaanse openbare sektor word daar van entiteite vereis om hul jaarlikse begrotings goed te keur voor die begin van die finansiële jaar. Hierdie proses sluit tipies in dat goedkeuring van die Parlement, 'n provinsiale wetgewer, munisipale raad of ander toepaslike owerheid verkry word. Gedurende die loop van die jaar word daardie oorspronklike goedgekeurde begrotings hersien vir aanvullende bewilligings wat aan entiteite toegestaan word, die heruitreiking van fondse van vorige jare, die hertoedeling van fondse tussen programme en aktiwiteite en 'n verskeidenheid ander redes. Hierdie hersiene begrotings word weer deur die toepaslike owerheid goedgekeur, d.w.s. die Parlement, die wetgewers, munisipale raad of ander toepaslike owerheid. Die proses van hersiening en goedkeuring van hierdie begrotings gedurende die jaar is gewoonlik 'n openbare proses. Redes vir die hersiening van die begroting word dikwels volledig verduidelik in die dokumente wat openbaar beskikbaar gemaak word.
- GG6. Nadat die oorspronklike begrotings hersien en weer goedgekeur is kan sekere entiteite steeds veranderinge aan die begroting aanbring binne die perke van die begroting wat deur die toepaslike owerheid goedgekeur is. Hierdie begroting word die finale begroting ooreenkomstig hierdie



## **AERP 24**

Standaard. 'n Entiteit kan byvoorbeeld hertoedelings maak tussen verskillende lynitems, aktiwiteite of programme binne sy begroting. Die aard van en die mate waarin entiteite toegelaat word om hierdie veranderinge aan te bring word in die wetgewing gespesifiseer. Hierdie hersienings van die begroting wat deur die entiteit gedoen word, volg nie noodwendig 'n behoorlike openbare proses nie. Daarom is dit belangriker vir gebruikers van die finansiële state om die rasionaal te verstaan hoekom die begroting wat deur die toepaslike owerheid goedgekeur is, weer hersien is.

- GG7. Daar word van sommige entiteite vereis om alle hersienings van die begroting deur die toepaslike owerheid te laat goedkeur. In hierdie gevalle is die goedgekeurde begroting in wese die finale begroting vir die doeleindes van hierdie Standaard. Wetgewing, regulasies en ander magtiging kan egter vereis dat entiteite addisionele vergelykings en verduideliking in die finansiële state aanbied.

## **Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Presentation of Budget Information in Financial Statements* (IPSAS 24) uitgegee in Desember 2006**

Die Standaard van AERP oor die *Aanbieding van Begrotingsinligting in Finansiële State* (AERP 24) is hoofsaaklik ontleen aan die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS 24), *Presentation of Budget Information in Financial Statements*. Die hoofverskille tussen AERP 24 en IPSAS 24 is soos volg:

- Die omvang van hierdie Standaard verskil IPSAS 24 in die opsig dat regeringsondernemings anders omskryf word.
- Sekere begrotingsverwante terminologie is spesifiek vir die Suid-Afrikaanse openbare sektor aangepas.
- Die voorbeeld en leiding ten opsigte van tweejaarlikse begrotings is verwyder omdat dit nie van toepassing is op die omstandighede in Suid-Afrika nie.
- Die leiding oor hoe om die bedrae te identifiseer wat toeskryfbaar is aan elke jaarlikse tydperk, waar die begrotingsbedrae nie spesifiek geskei is nie, is verwyder.
- Hierdie Standaard gebruik terminologie wat in sekere gevalle van IPSAS 24 verskil om aan te pas by die Suid-Afrikaanse openbaresektoromgewing, byvoorbeeld, “wetgewende of toesighoudende liggaam” is vervang deur “die Parlement, die wetgewers, munisipale rade of ander toepaslike owerheid wat die begroting goedkeur”.
- Die woordskrywing van “oorspronklike begroting” is verwyder omdat 'n vergelyking slegs tussen die goedgekeurde begroting en die finale begroting vereis word.
- 'n Vergelyking word tussen die goedgekeurde begroting en die finale begroting vereis, eerder as die oorspronklike en die finale begroting.
- Kommentaar is gewysig om goedgekeurde en finale begroting in die Suid-Afrikaanse konteks te verduidelik.
- Kommentaar is ingesluit om “openbaar beskikbaar” te verduidelik.
- Die bylae met illustrerende voorbeelde is uit hierdie Standaard verwyder.